

# Dís hoekom minerale belangrik vir landbou is

Langtermynneigings oor verskeie dekades heen toon dat daar 'n sterk korrelasie is tussen die toename in die bevolkingsgroei in die wêreld en die toename in die wêreldproduksie van stapelvoedsel.

Die wêreldwye groei in die produksie van stapelvoedsel en kommoditeite, soos mielies, sorghum, koring, sojabone en sonneblomsaad, is afhanklik van bevolkingsgroei. Die produksie en verbruik van stapelvoedsel kan op lang termyn nie meer wees as die wêreld se bevolkingsgroeikoers nie. Die gemiddelde jaarlikse groei in die wêreldwye bruto binnelandse produk oorskry egter die bevolkingsaanwas en produksietoenames in landbouprodukte ver. Só ook die produksie van energiebronne en minerale.

Suid-Afrika se plaaslike verbruik van landbouprodukte kan nie op lang termyn vinniger toeneem as die gemiddelde bevolkingsgroei nie. Die verbruiker se inkomstegroei per kop moet eers toeneem voordat dit sal gebeur. Die groei in die per kop-verbruikersinkomste in Suid-Afrika kan oor die volgende dekade deur plaaslike ontwikkelings in die minerale sektor 'n hupstoot kry.

Die potensiaal hiervoor sal beperk wees omdat Suid-Afrika op die uitvoer van die grondstowwe en nie noodwendig op die waardetoevoeging tot daardie grondstowwe konsentreer nie. As land sou Suid-Afrika meer vrug kon pluk uit die groeiende vraag na die minerale as hy 'n voldoende vervaardigingsbedryf vir die produksie van batterye en elektriese of hibriede motors gehad het.

Weens die hoë werkloosheidsyfer en lae inkomste per kop is die plaaslike vraag na energie en dié soort tegnologie ook laag. Suid-Afrika is daarom aangewese op die uitvoer van die minerale of waardetoegevoegde produkte.

China is 'n voorbeeld waar die per kop-inkomste van die verbruiker van ruolie, minerale, grane en plantolies heelwat hoër is as in byvoorbeeld Indië. Die bevolkingsgroeitempo in dié twee lande is min of meer dieselfde, maar die plaaslike verbruik van kommoditeite in China is heelwat meer. Dit is omdat die groei in die bruto binnelandse produk in China oor die afgelope 25 jaar viervoudig meer was as in Indië.

China se verbruik van metale het oor die afgelope 25 jaar nagenoeg verdriedubbel, terwyl die verbruik daarvan in ontwikkelde ekonomieë en die res van die wêreld gestagneer het. Die skerp toename is ook aangedryf deur innovasie en tegnologiese ontwikkelings.

## Beleid kan bevorder óf stokkie daarvoor steek

'n Ander belangrike aspek wat die vraag na kommoditeite beïnvloed, is verskillende lande se nasionale beleid. Vir sekere lande, soos Brittanje, is die sekerheid van hul hulpbronne 'n prioriteit. Hulle spits hulself daarop toe om plaaslike produksie (waardetoevoeging tot grondstowwe en invoervervanging) te bevorder en voldoende handelsooreenkomste te sluit.

Regerings met sentraal beplande ekonomieë, soos Rusland en China, konsentreer daarop om selfvoorsienend te wees.

Lande soos Amerika konsentreer daarop om hul produsente se inkomste te ondersteun, terwyl ander, soos Noorweë, hul verbruikers met subsidies teen byvoorbeeld wisselvallige energiepryse probeer beskerm.

Die Europese Unie (EU) het 'n sterk agenda om skadelike produkte wat 'n risiko vir die omgewing en burgers se gesondheid kan inhou, uit te faseer.

Lande soos Ierland, België en Finland neem die voortou met beleid om welvaart te versprei.

Lande met vermoënde verbruikers en 'n goeie inkomstegroei kan die produksie van landbouprodukte beter ondersteun as 'n land waar die groei in landbouproduksie hoofsaaklik van bevolkingsgroei afhanklik is. Suid-Afrika se bevolking groei teen gemiddeld 1% per jaar. Dit is nie genoeg om die plaaslike produksie in landbouprodukte te ondersteun nie. Die land is van winsgewende uitvoer afhanklik om die surplus na lande en verbruikers met sterk ekonomiese groei uit te voer.

## Impak op landbou

Die vraag na platinumminerale kan na verwagting in die volgende tien jaar 'n skerp toename toon danksy die toename in die produksie van elektriese en hibriede motors. Die minerale in dié groep is onontbeerlik vir die vervaardiging van die batterystelsels as energiebron vir dié soort voertuie.

Suid-Afrika is die toonaangewende produsent en uitvoerder van die platinumminerale. Dit beteken dat dié ontwikkeling groot belofte vir plaaslike ekonomiese groei in die algemeen kan inhou. Gevolglik word verwag dat daar 'n skerp toename in die vraag na eksplorasie en permitte hiervoor gaan wees.

Hoewel dit belowend klink, moet 'n mens bedag wees op die impak op landbouproduksie en dat hierdie neiging risiko's vir produksie kan inhou. Eksplorasie en mynbou-aktiwiteite wat daarop volg, kan ontwrigtend wees vir die produksie van landbouprodukte.

## Gevolgtrekking

Die ekonomiese groei wat uit die ontginning van die platinumgroep van minerale kan voortspruit, en die verwagte verhoging in verbruikersinkomste, hou die belofte van groei in die plaaslike verbruik van hoërwaarde- Suid-Afrikaanse landbouprodukte in.

Dit geld ook ten opsigte van die uitvoer van produkte na lande soos China met welvarende verbruikers waar waarde tot die minerale toegevoeg word. Tydens die onderhandeling van bilaterale handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en China word toegewings oor en weer gemaak. 'n Billike handelsooreenkoms met China sou wees dat hy aan Suid-Afrika onbeperkte marktoegang vir landbouprodukte gee in ruil vir die uitvoer van onverwerkte platinumminerale. Suid-Afrika het hier die hef in die hand. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*